

Roofvoëls & plaasdamme



ENDANGERED
WILDLIFE TRUST

BIRDS OF PREY
PROGRAMME

conservation in action



water probeer om hul dorste les. 'n Voël wat besig is om te verdrink, mag ander voëls lok, want hulle mag dink dis 'n gestoei vir kos.

Die eerste twee teorieë verduidelik waarom enkel voëls in damme verdrink, terwyl die derde teorie groter getalle verdrinkings, veral van aasvoëls, verduidelik.

Groot getalleverdrinkings van aasvoëls

Daar is ten minste 12 gevalle aan geteken waar groot getalle aasvoëls op 'n keer in 'n dam verdrink het, in sluitend 'n onlangse voorval waar 16 Witrugaaasvoëls in 'n dam naby Vryburg verdrink het, 9 Witrugaaasvoëls en 'n Swartaasvoël in 'n dam in die Kgalagadi Oorgrenspark, 38 Witrugaaasvoëls in 'n dam naby Van Zyls Rus en 64 Kransaaasvoëls in vier afsonderlike gevalle in dieselfde dam in die Oos-Kaap.

Maklike oplossings om verdrinkings in damme te verhoed

- Hou die dam vol
- Bedek die dam met skadunet of ander materiaal. Hierdie metode het die voordeel dat dit verdamping en die groei van algebeperk.
- n Meer eenvoudige metode is om 'n plank, boomstomp, leer of boom tak in die dam te plaas en eenkant stewig aan die damwal vas te maak sodat dit kan dryf. 'n Voël wat ingeval het, sal daarop kan klim om uit die water tekom.

'n Dam wat beveilig is, sal verdrinkings beperk en bydra tot die bewaring van roofvoëls.

- Beveilig asseblief u plaasdamme!
- Dit sal bydra tot die bewaring van roofvoëls.
- Dit sal ook die dam water skoonhou!

Teksdeur Mark Anderson;

Vir verdere Inligting kontak asseblief die

Endangered Wildlife Trust
Birds of Prey Programme E-pos: raptor@ewt.org.za
Private Bag X11, Modderfontein, 1645, South Africa
Telefoon: +27 11 372 3600
Faks: +27 11 608 4682
www.ewt.org.za

Agtergrond

Roofvoëls verdrink dikwels in plaasdamme. As 'n voël se vere deurweek is, is die kans skraal dat dit uit 'n dam sal kan kom, veral as die reg op sy kante geen ondersteuning bied om uit te klim. Die karkas dryf vir dae op die water en as gevolg hiervan is die water besoedel en nie geskik vir menslike of dierlike gebruik nie. Die dam moet dan leeg gemaak en skoon gemaak word.

Bewarings bewustesse bekommerd, want hierdie onnodige sterftes veroorsaak die verlies van roofvoëls uit populasies wat alreeds klein is. In die Kalahari en Karoo is plaasdamme verantwoordelik vir 'n beduidende aantal sterftes onder roofvoëls.

Daar is rekords van 322 roofvoëls van 29 verskillende spesies wat in suidelike Afrika in plaas damme verdrink het (Anderson et al. 1999. Raptors drowning in farm reservoirs in South Africa. Ostrich 70(2): 139-144). Hierdie is waarskynlik slegs die punt van die ysberg, want daar word vermoed dat honderde roofvoëls jaarliks in damme verdrink!

Waarom verdrink roofvoëls in damme?

Daar bestaan drie teorieë om hierdie ramspedige verskynsel te verklaar:

- As 'n roofvoël op die dam wal sit om water te drink, kan dit per ongeluk in die dam val.
- Hulle kan moontlik nie die diepte van die water bepaal nie en mag probeer om in die dam te staan. Hierdie teorie word ondersteun deur die waarnemings van roofvoëls wat in vlak water van damme en riviere staan om water te drink of te bad. Dit is in warm gebiede belangrik dat die roofvoëls bad, want dit help hul om af te koel.
- Roofvoëls, veral aasvoëls, wat gif ingekry het, soos strignien (wat hulle waarskynlik dorsmaak) kan in die naaste